

Efesiers
DIE BOEK VAN
EFESIËRS
COLLAGE

# Efesiërs 6

# Geesvervulde Verhoudings en Geestelike Oorwinning



## Hooftemas van die Brief:

- Eenheid in Christus
- Genade en verlossing
- Die kerk as God se woning
- Geestelike volwassenheid en heiligheid
- Geestelike oorlogvoering

# 1. GEESVERVULDE VERHOUDINGS – Efesiërs 6:1-9

## 1. Kinders en Ouers

Kinders, omdat julle aan die Here verbonde is, moet julle aan julle ouers gehoorsaam wees. Dit is mos die regte ding om te doen! “Eer jou vader en jou moeder” is die eerste van die Tien Gebooie waaraan ’n belofte verbind is: “Sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank op die aarde mag lewe.” En pa’s, moenie julle kinders so behandel dat hulle verbitterd word nie, maar voed hulle op met dissipline en teregwysing wat die Here se goedkeuring wegdra.

- Efesiërs 6:1-4

## 2. **Slawe en Base**

Slawe, wees gehoorsaam aan julle aardse eienaars. Respekteer en eerbiedig hulle sonder om skynheilig te wees. Gehoorsaam hulle soos julle Christus sou gehoorsaam. Moenie mense probeer tevrede stel deur net gehoorsaam te wees wanneer hulle julle kan sien nie. Nee, werk as slawe van Christus wat met volle oorgawe God se wil doen.  Doen julle werk entoesiasties, asof julle dit vir die Here doen en nie vir mense nie. Julle weet mos dat die Here elke mens wat sy werk goed doen, sal beloon, of dit nou slawe is of vry mense. En eienaars, julle moet met dieselfde verantwoordelikheid teenoor julle slawe optree. Hou op om julle slawe te dreig. Julle weet mos dat julle een en dieselfde Eienaar in die hemel het, en dat Hý niemand voortrek nie.

-Efesiërs 6:5-9

## Die aard van die stryd


**”Ten slotte: Vind krag in julle verbondenheid aan die Here, ja, in die krag van sý sterkte! Om staande te bly teen die listigheid van die duiwel moet julle God se gevegstoerusting aantrek. Want ons stryd is nie teen mense nie, maar teen bose regeerders en maghebbers, teen die geeste wat heerskappy in hierdie donker wêreld uitoefen, teen die bose geeste in die hemelruimtes.”**

**Efesiërs 6:10-12**

- Die Wapenrusting

"Daarom moet julle God se gevegstoerusting aantrek. Dan, wanneer die Bose julle aanval, sal julle weerstand kan bied, en na die hele geveg verby is, sal julle nog vasstaan. 14Staan dus vas deur waarheid as 'n gordel om julle heupe te dra en trek God se vryspraak as borsharnas aan. 15Trek die bereidheid om die Goeie Nuus van vrede te verkondig aan soos skoene aan julle voete. 16Dra onder alle omstandighede die skild van die geloof. Daarmee kan julle al die brandpyle blus wat die Bose afskiet. Gebruik God se verlossing as 'n helm om julle koppe te beskerm. En gebruik die swaard van die Gees, dit is God se woord."

- Efesiërs 6:13-17



Die Waarheid as gordel

Die Borsharnas van geregtigheid

Die Evangelie van vrede as skoene

Die skild van geloof

Die helm van verlossing

Die swaard van die Gees



- **Gebed**

Doen alles deur gebed en smeking. Laat die Gees julle elke keer in die gebed lei. Bly in alle omstandighede op julle hoede en bid vir almal wat aan God behoort. Bid ook vir my, dat wanneer ek moet praat, woorde aan my gegee sal word om met vrymoedigheid die geheime plan van die Goeie Nuus bekend te maak. As ambassadeur van hierdie Goeie Nuus is ek in boeie. Bid dat ek, soos dit hoort, die Goeie Nuus met vrymoedigheid sal verkondig.

- Efesiërs 6:18-20

- **Slotgroet**

Tigikus, die geliefde broer, wat die Here getrou dien, sal julle alles vertel sodat julle kan weet hoe dit met my gaan en wat ek doen. Ek stuur hom juis hiervoor na julle toe, dat julle kan weet hoe dit met ons gaan en gerusgestel kan word. Mag God die Vader en die Here Jesus Christus vrede, liefde en geloof vir ons broers en susters gee. Mag God se genade met almal wees wat ons Here Jesus Christus met ’n blywende liefde liefhet.

- Efesiërs 6:21-24



# Die is vier pilare van die Christelike lewe

- vrede
- liefde
- geloof
- genade



- DIE HART VAN EFESIËRS

**God maak ons nuut in Christus, roep ons om anders te leef, en rus ons toe om sterk te staan in Sy krag**